

Liewe vriende

Eerstens aan almal: 'n Geseënde Kersfees! *"Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon....."*

Ons het reeds ons vakansie gehad toe ons in Oktober-November 'n lekker familie-kuier gehad het en is dus nou op ons pos.

'n Paar brokkies, saam met die foto's hier onder:

Jac-Louis en Gijsbertha van Rooyen het onlangs by ons aangesluit en help met baie dinge, veral rondom Lig vir die Kinders. Gijsbertha (van Nederland en in Gobabis tot Lucy herdoop!) het vroeër as vrywilliger hier gewerk. Vanjaar het Lig vir die Kinders 17 jaar se bestaan gevier. Kyk maar na die foto van die bakkies pap onder 'n dak sonder mure in 2006.

Die On the Way Bediening onder die San-mense het vanjaar op klein projekte, soos handwerk (kraletjies, volstruisdoppe, saals en tooms, tuinmaak) gefokus, en ook om die mense uit afgeleë dele bymekaar te bring. Dit het nuwe geleenthede vir evangelisasie geskep.

Dit was bemoedigend om 'n kerkgebou vol Herero-mense aan tref by Okomuhuka. Michael en Theresa Billy bedien daar.

Vir voorbidding en vertroue:

- Lig vir die Kinders sien 'n groot geldskaarste gedurende die eerste maande van die nuwe jaar. Vertrou die Here vir voorsiening.
- Dank die Here vir die Van Rooyens en tree in vir hulle. Ons stel hulle graag nog later aan julle bekend.
- Dankie vir elke vriend wat vanjaar tot Omaheke Gospel Trust bygedra het: dit help om ons persoonlike boeke te laat klop en maak uitreike moontlik.
- Bid vir ons werk in Epako: ons wil meer as mensewerk sien, ons verlang na die Here se werk.
- Tree in vir Okomuhuka: dat Sy wil daar mag geskied.

'n Laaste woord: Simon sê vir Maria, na sy seëngroet, dat die Kind deur baie verwerp sou word - tot hulle nadeel - maar dat Hy die grootste vreugde aan andere sou bring; en die diepste gedagtes van baie, die werklike motiewe, sou aan die lig kom. Sendingwerk is maar nog steeds Missio Dei, die sendingaksie van God self. Dank Hom daarvoor! In die kerk kom en gaan dinge, ook kerke kom en gaan, entoesiasme verdamp en motiewe kom aan die lig, teologieë verander, sendelinge kom en gaan. Die enigste konstante is dat die hart van God die Vader vir sy skepping en skepsels nie verander nie. Ons kan maar net sorg dat ons saam met Hom is, die grootste vreugde leer ken. Dis my benadering.

Vrede

Henk

Besoek asb.: www.omaheke.givengain.org